

Woensdag 11 Augustus

Skrifgedeelte: Job 16 en 17

Fokusgedeeltes: Job 16:19;
17:3

'n Getuie en 'n Borg vir die gelowige worstelaar

Al drie Job se vriende het nou 'n beurt gehad om hom in sy worsteling te help. Elifas het al twee beurte gehad, maar al hulle woorde help hom net mooi niks nie. Hulle is treurige vertroosters. Dit is egter nie net die vriende se woorde wat waardeloos is nie. Job se eie woorde is nie vir hom van enige troos nie. As hy praat, word sy smart nie versag nie. As hy stilbly, kom daar ook nie verligting nie. Of hy praat of stilbly, die moeilikheid bly net dieselfde.

In 'n mens se worsteling gebeur dit soms dat geen mens regtig vir jou troos kan gee nie. Dit is nie omdat hulle nie wil nie of omdat hulle moedswillig is – soos Job se vriende – nie. Dit is bloot omdat hulle nie volledige insig in sake het nie. Jou eie redenasies help jou ook nie, want jou insig is ook maar beperk – soos Job se insig beperk was.

Let egter op waarheen lei die Gees vir Job – opwaarts. Hy is oortuig dat daar in die hemel 'n Getuie is wie se getuienis suiwer en volkome waar is. Ons wat duskant die kruis lewe, weet wie hierdie Getuie is – Jesus Christus. Christus se getuienis oor ons kan nie anders as die volle waarheid wees nie. Die voordeel wat 'n mens in Christus as Getuie het, is dat Hy ook die Een is wat bereid was om vir ons borg te staan. Dit wat ons nie kon doen nie – die saak tussen ons en God regmaak – dit het Hy gedoen in ons plek. Daarom is sy getuienis ook genadig – Hy kan bewys dat ons skuld betaal is.

Daarom skenk die Vader dan deur Christus die troos wat die gelowige worstelaar nodig het. Mag die Heilige Gees die ander Trooster jou altyd herinner dat Christus jou ware Troos is.

Sing: Psalm 89-1:14, 17

Ds. CCA Vrey (Coen) (Bellville)